# NUWE KATEGESEKURSUS VIR GRAAD 8: DIE VERBONDREEKS

Welkom by ’n heel nuwe kursus: die Verbondreeks.

**’n Geestelike ontdekking**

Die doel van die Verbondreeks is om ’n kind te begelei om die inhoud van die verbond wat die Here met hom of haar het, in die Bybel te ontdek.

**Die Teks- en handboek: die Bybel!**

Hierdie kursus begelei ’n kind in hierdie geestelike ontdekking deur die Bybelse boodskap oor God se verbond vir kinders, te ontsluit. Daarom moet hierdie kursus nie hanteer word as teksboek nie. Die Bybel is die teksboek. Die kursus moet ook nie as handboek hanteer word nie. Die Bybel is die handboek.

Hierdie kursus kan alleen maar as ’n gids gebruik word by die handboek: die Bybel.

**Ons gaan geestelike vaardighede ontwikkel**

Hierdie kursus ontwikkel geestelike vaardighede. Ons gaan nie op ’n skoolse wyse probeer om net nog meer Bybelkennis te leer nie. Ons werk nie vir toetse en punte nie. Ons werk om geestelike vaardighede in te oefen. In hierdie kursus het ons heeltemal weggedoen met toetse. In die plek daarvan kom oefeninge.

**Die eerste vaardigheid: om die verbond in die Bybel raak te sien**

Kategete en katkisante moet hierdie doelwit hulle eie maak: om die verbond soos die Bybel dit verkondig, self in die tekste van die Bybel te kan raaklees.

Hoekom is hierdie vaardigheid belangrik? In die verbond vind ons alles wat belangrik is vir ons diens aan God. Die verbond is nie maar net nog ’n tema in die Bybel, soos ’n tema in ’n vak op skool nie. In die verbond vind ’n sondaar die volle inhoud van die godsdiens as ’n geheel. Hierdie geheel is ook nie maar ’n net ’n geheel van feite nie. Dit gaan oor ons hele verbintenis aan die Here – nie maar net ’n deeltjie daarvan nie. Wie die verbond in die Bybel kan ontdek – ontdek sy hele verbintenis met die Here.

Kategete en katkisante moet die vermoë ontwikkel om elke deel van ons geestelike lewe te ontdek binne die verbintenis tussen God en mens: die verbond.

**Die tweede vaardigheid: om die tekste van die Bybel te kan pas waar hulle hoort**

Dit is die tweede doelwit van hierdie kursus: om te weet hoe pas Bybelgedeeltes bymekaar.

Die Woord van die Here het een sentrale boodskap: God en sy verbond met sy kinders. Hierdie boodskap is eenvoudig en enige mens, groot en klein, kan dit ken.

Wanneer ons hierdie boodskap ontdek – pas alles wat die Here sê, reg. Dit sal ons in die tekste ontdek.

Wanneer hierdie boodskap vir ons wegraak – dan word die Bybel ’n klomp feite en tekste wat vir ons amper niks met mekaar te doen het nie. Dan moet ek probeer om in elke teks ’n persoonlike boodskappie te soek oor een of ander probleem of behoefte wat ek in my alledaagse lewe ervaar.

Ons wil wegbreek van hierdie geestelike houding om ons eie persoonlike gevoelens, probleme en idees binne-in Bybeltekste te soek.

Ons gaan ’n heel nuwe tipe geestelike kuns ontwikkel. Ons gaan na God se verbond in tekste soek. Eers nadat ons dit ontdek het en dit ken – sal ons vra na wat dit vir my persoonlik kan beteken.

Die teks-oefening aan die einde en begin van elke les is die wyse waarop ons hierdie vaardigheid gaan ontwikkel.

Dit is glad nie bedoel as “huiswerk” of “voorbereiding” nie. Die kursus poog juis om van hierdie skoolsheid binne die godsdiens weg te kom. Dit is ’n oefening wat moet help om die verbond binne die tekste te kan ontdek en te kan ken.

Dit beteken nie minder werk nie. Dit beteken net anders werk. Daarom kan dit juis sommer baie meer werk beteken. Dit is soos die verskil tussen “huiswerk” en om te oefen vir ’n rugby of netbal wedstryd. Huiswerk gaan oor feite wat jy moet leer en onthou. Oefen gaan oor om ’n plek te kan volstaan. Hierdie kursus wil jou oefen om jou plek te kan volstaan – jou plek binne jou verbintenis met die Here.

Kinders kan hierdie oefening in persoonlike stiltetyd doen. Hulle moet aangemoedig word om hierdie kuns te ontwikkel. Daarom moet die kategeet sy kinders kan aanvoel in hulle poging om hierdie kuns te bemeester. Alle aanmoediging moet hierop gerig wees.

Met hierdie oefeninge moet die kinders begelei word om die Bybel se inhoud te kan ontdek, en in die tekste God self te kan vind.

Dit is ’n kategeet se voorreg om te mag sien hoe kinders God en hulleself vind – waar hulle die verbond in die Woord van die Here ontdek.

Hierdie kursus sluit in hierdie opsig direk aan by die inhoud en werkwyse van die Ketelreeks. In die Ketelreeks is die hele inhoud van die godsdiens aan die orde gestel deur ’n allegorie: die ketel.

In die Verbondreeks gaan ons nou kyk na hoe die godsdiens saaklik as geheel binne die Bybel verkondig word. Daarom is hierdie kursus ingestel om ’n vaardigheid, ’n kuns, by kinders te ontwikkel: om in die tekste van die Bybel die verbond te kan raaklees, te kan ken, hulleself as verbondskinders te kan ontdek, en om hulle liefde en haat teenoor God binne die verbond te kan vind.